

**Saterdag 15 Julie**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 2:1-10**

**Fokusgedeelte: Efesiërs 2:8; HK Sondag 25, Vraag 65**

**Die Heilige Gees skenk ons geloof**

Lidmate van die kerk beskou hulleself in die reël as gelowiges, en sekerlik ook met reg. Hoe het dit egter gekom dat ons gelowiges is? Waar kom ons geloof vandaan? Het kinders dit van hulle ouers geërf? Het ons dit met ons bydraes van die kerk gekoop?

Ons belydenis antwoord hierop in duidelike taal: Ons geloof kom nie van mense af nie, maar van *God*. Die gedagte dat geloof iets uit die mens self is, moet daarom met beslistheid afgewys word. Ek kan geen geloof deur my eie toedoen kry nie. Mense se hande is afgekap as dit om die gawe van die geloof gaan. God alleen kan dit aan die mens gee (Ef. 2:8).

In sy gesprek met Nikodemus toon Christus baie duidelik aan dat dit spesifiek *God die Heilige Gees* is wat die geloof aan ons gee (Joh. 3:5-8). In die gebeure op Pinksterdag sien ons ook dat die Heilige Gees wat uitgestort is aan 3000 mense die geloof geskenk het sodat hulle tot bekering gekom het (Hand. 2:1-13, 41).

Nou is dit wel vir ons 'n vernedering dat ons die ware geloof nie deur eie toedoen kan bekom nie, want so word ons swakheid en onvermoë vanweë die sonde geopenbaar. Dit is iets waaroor ons baie bly moet wees, want as die geloof vir sy ontstaan en voortbestaan van ons afhanklik was, sou dit onstand-vastig gewees het en ons in krisisoomblikke in die steek gelaat het. Omdat ons geloof 'n gawe van God is, is dit egter 'n blywende en onvervreembare besitting. Selfs vernedering, vervolging en marteling kan die geloof van die ware kinders van God nie uitwis nie.

In die geskiedenis van die kerk is daar genoeg voorbeelde wat toon dat gelowiges bereid was om mishandel te word, om soos Stefanus met klippe doodgegooi te word (Hand. 7:58), om as prooi voor wilde diere gegooi te word, om op brandstapels verbrand te word eerder as om hulle geloof in Jesus Christus te verloën. Selfs die heftigste aanvalle van Satan soos op Job kan geloof nie vernietig nie, soos dit sy geloof nie kon vernietig nie.

Die almagtige God sorg self dat sy kinders staande bly in die geloof en dit nie verloën nie, ondanks alles wat hulle aangedoen word. Daarom kon Paulus ook met soveel sekerheid sê dat geen dood of lewe of engele of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigets anders in die skepping ons kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus ons Here is nie (Rom. 8:38, 39). Dit is die troos wat ons verkry uit die belydenis dat ons geloof die werk van die Heilige Gees is.